ooskerk

Nederduitse Gereformeerde Kerk Pretoria-Oos

17 Maart 2020

COVID-19 GEMEENTEVERKLARING

Na aanleiding van die President se verklaring rakende COVID-19 skaar die Ooskerk onsself aan die kant van elkeen op ons planeet wat hierdeur geraak word. Ons wil graag deel wees van die oplossing in die bekamping van die virus in ons gemeenskap en ons wil aanhou om 'n stem van hoop te bring in 'n baie uitdagende tyd.

Ons onderstreep die volgende beginsels:

- Alhoewel ons sekere fisieke maatreëls in plek stel, wil ons mense aanmoedig om op kreatiewe maniere nader te beweeg aan mekaar en nie mekaar te isoleer of moontlike slagoffers van die Corona-virus te verwerp nie.

- Verder wil ons mense aanmoedig om nie met 'n gesindheid van vrees te leef nie, maar eerder met 'n gesindheid van ontferming en verantwoordelikheid.

- Ons wil die mense van die Ooskerk aanmoedig om in hierdie tyd besonder sensitief te wees teenoor mense wat ekonomies weerloos is, beide in ons huishoudings en ons besighede. Ons wil mense daarom aanmoedig om verantwoordelik teenoor werknemers op te tree en medemenslik te wees deur salarisse en werksveiligheid te verseker en om voor te berei dat sekere maatreëls dalk langer mag duur as wat ons hoop (internasionale tendense wys daarop dat hierdie maatreëls in ekstreme omstandighede etlike maande kan duur).

  Hierdie tyd het ook 'n finansiële implikasie op die gemeente se dankoffers en ons versoek die gemeente om dit te oorweeg om steeds hulle bydraes in hierdie tyd via EFT te doen.

Hoe kan ons bogenoemde die beste doen?

1. Oggend eredienste vir 22 en 29 Maart en 5 April word afgestel. Op al drie hierdie oggende sal ons om 9:00 'n aanlyn aanbiddingsgeleentheid daarstel in die vorm van 'n "podcast" op die gemeente se webwerf.

   Die Laudate diens gaan voort soos gewoonlik, met addisionele veiligheidsmaatreëls in plek, soos ontsmettingsmiddels by die deure en mense een meter uitmekaar geposisioneer.

2. Die kerkkantoor sal steeds oop wees, terwyl voorsorg getref word deur die daarstel van ontsmettingsmiddels by deure.

3. Gemeentelike byeenkomste sluit in elk geval hierdie week teen Donderdag af vir die skoolvakansie, maar tot dan gaan ons voort soos normaal met addisionele veiligheidsmaatreëls. Dit sluit in papierhanddoeke in toilette, spuitseep in toilette met 'n 20 sekonde handewas aanbeveling, asook die daarstel van ontsmettingsmiddels by deure.

4. Daar sal nader aan Paasnaweek deeglike verdere kommunikasie plaasvind oor hoe ons Paasfees op 'n kreatiewe manier gaan inrig. Ons is besig om te dink aan maniere om steeds in hierdie tyd as geloofsgemeenskap te aanbid en aan mekaar ondersteuning te bied. Ons stel voor dat die Eeufeesvieringe op hierdie stadium uitgestel word tot verdere kennisgewing.

   Mag elkeen van ons ervaar hoe daar in hierdie vreemde tye unieke gawes en geleenthede na ons kant kom om God se lig van hoop, deernis en liefde te bring oral waar ons is, en mag ons veral diep bewus wees van Sy hoop, deernis en liefde wat in ons leef.